Arbeidsbediening

nuusbrief 2013 newsletter

Privaatsak/Private bag X8 • Bellville 7535 • Tel 021 952 1531 / 957 7184 • cbrink@kaapkerk.co.za • www.arbeidsbediening.co.za

Arbeidsbediening – jou vennoot in die werkplek

Geloofsgetrou in elke werkplek – dit is die visie van Arbeidsbediening vir alle mense in die werkplek. Maar hoe bly jy in die een-en-twintigste eeu nog hieraan getrou?

En dis waar Arbeidsbediening in die prentjie kom – dis ons passie om mense binne die werkplek geestelik te ondersteun en te bemagtig vir die uitdagings van elke dag. Ons reik uit na elkeen – ongeag agtergrond, status of oortuigings.

Een van die grootste uitdagings in die werkplek is om jou persoonlike lewe te skei van jou lewe by die werk. Daar is dikwels 'n direkte verband tussen mense se werksomstandighede en hulle persoonlike verhoudings en probleme. Mense weet nie altyd hoe om hierdie twee wêrelde van mekaar te skei nie, en hierin wil ons graag balans help bring.

Gelukkige, tevrede en gebalanseerde mense is meer suksesvol in wat hulle doen by die werk. Ongelukkig is die teendeel ook waar; persoonlike probleme veroorsaak dikwels onproduktiwiteit en 'n gebrek aan motivering by die werk, en die werknemer word vir die werkgewer 'n las.

Arbeidsbediening probeer hierin 'n balans skep deur werknemers geestelik te bedien by die werkplek, asook om hulle op te lei in sekere vaardighede ten opsigte van hul verhouding met hulself en diegene rondom hulle. Terwyl die primêre fokus die aanbied van geestelike byeenkomste is, handel die kort kursusse oor selfbestuur, verhoudingsbestuur, vertrouensbou, die hantering van stres, sinvolle kommunikasie en konflikhantering, die neem van verantwoordelikheid vir jou lewe en werk, ens. Persoonlike begeleiding (coaching) en berading vorm ook deel van die bedieningstrategie. Deur hierdie dienste voeg Arbeidsbediening direk waarde toe tot die lewens van individuele werknemers asook indirek tot die sukses van maatskappye en organisasies.

In die arbeidswêreld is werks- en inkomsteverlies vandag 'n wesenlike realiteit. Arbeidsbediening spreek dit dan ook daadwerklik aan. So byvoorbeeld is intervensies tydens noodwendige personeelafleggings deel van ons produk-aanbod. Werksoek-seminare word aangebied, asook daadwerklike hulp met betrekking tot die verwerking van werks- en inkomsteverlies.

Arbeidsbediening funksioneer op ekumeniese basis en is nie gebaseer op kerklik-dogmatiese uitgangspunte nie; ons verwelkom samewerking met alle Christen-denominasies.

Kontak Carin Brink by 021- 9521531 / 0836519515 / www.arbeidsbediening.co.za.

We bring the Church to the people

Ex-convict Roy Stamper brings hope to train commuters in Cape Town every day for about six years now. Not only does he preach the Gospel to ordinary people, but also to the train drivers and the ticket collectors on Fridays.

He encourages workers and jobseekers by telling them that God cares for and loves them. He also witnesses to troubled parents that God can change lives and that there is hope for their children who are criminals. He takes himself as an example of being a convict since he was 17 years old. He used drugs, was an alcoholic, broke into homes and robbed innocent people, but God changed him and gave him a new life.

By telling people his story, he gives them hope. It helps them to know that Jesus can also change them and their children.

According to Roy, Industrial Ministry is a very serious ministry – it brings the church to the people who often do not have or make the time to visit the church. Life is tough and this ministry enables people to bring their burdens, pain and sorrows before God. Industrial Ministry makes time to listen to these people, pray with them and let them feel important in the eyes of God.

Keep on sowing the seed of God's love, helping to bring hope to this broken world, full of wonderful people.

Contact Carin Brink, Regional Manager at 021-9521531 / 0836519515 / www.arbeidsbediening.co.za.

Van die redakteur

Ek lees graag Dirkie Smit se boek: “Dieper as wat ons dink” – en raak vinnig verdiep in die dikwels onbewuste oortuigings en keuses waarop ons alledaagse lewe berus. Dis goed om 'n bietjie dieper na te dink oor onsself, oor mekaar en oor wat ons aan mekaar doen; om nie eens te praat van die wêreld waarin ons woon nie.

In hierdie nuusbrief wil ek jou graag uitnooi om die realiteite van ons alledaagse lewe te ervaar; hoe arbeidsonrus mense uitmekaar dryf aan die een kant, maar om ook te beleef hoedat mense regtig vir mekaar kan omgee aan die ander kant.

By die Biblia-kiosk in Houtbaai (Visserbediening) maak dit nie saak oor wat jou ras, geslag of kultuur is nie; ons kon saam bly wees toe 'n Xhosa-man sy eerste “eie” Bybel ontvang het. Lees hoedat Hawesending die bekostigbaarste vorm van buitelandse sending is omdat die sendingveld na die sendeling en sendende kerke toe kom.

Kom les jou dors saam met die bejaardes van Swellendam en word daaraan herinner dat 'n intieme verhouding met die Here belangrik is, maar dat die saam-wees met ander gelowiges diepte bring.

Die kwessie oor roeping en 'n doelgerigte lewe by die werk, die allesomsluitende uitdagings daarmee saam asook die standpunte van kerkleiers word belig in die navorsing van Call 42.

Arbeidsbediening probeer deurgaans 'n balans skep deur werknemers geestelik te bedien by die werkplek, asook om hulle op te lei in sekere vaardighede ten opsigte van hul verhouding met hulself en diegene rondom hulle. Deur middel van hierdie dienste voeg Arbeidsbediening direk waarde toe tot die lewens van individuele werknemers asook indirek tot die sukses van maatskappye en organisasies.

Mag jy ook verdiep raak in die stories van Arbeidsbediening en wees saam met ons dankbaar vir elkeen wat 'n doelgerigte lewe najaag en demonstreer.

Carin Brink
Streekbestuurder: Arbeidsbediening Wes- en Suid-Kaapland
cbrink@kaapkerk.co.za

From the editor

I love reading Dirkie Smit's book: Dieper as wat ons dink (Deeper than we think) and quickly become captivated by the often subconscious beliefs and choices on which our everyday lives are based. It's good to think a little deeper about ourselves, about each other and what we do to each other, not to mention the world in which we live.

In this newsletter I would like to invite you to experience the realities of everyday life: how labour unrest causes people to drift apart on the one hand, but also to realise how people really care about each other on the other hand.

At Biblia kiosk in Hout Bay (Seafarers Ministry) it does not matter what your race, gender or culture is; we can rejoice together when a Xhosa-speaking person receives his first "own" Bible. Learn how Harbour Mission renders the most affordable form of foreign mission because the mission field comes to the missionary and sending churches.

Come and quench your thirst with the elderly of Swellendam and be reminded that an intimate relationship with God is important, but that being together with other believers also enriches your life.

The issue of calling and a purposeful life at work, the various challenges with it as well as the views of church leaders are highlighted in the research of Call 42.

Industrial Ministry tries to create a balance by offering spiritual assistance to employees in the workplace, as well as training them in certain skills in their relationships with themselves and those around them. Through these services Industrial Ministry directly adds value to the lives of individual employees and indirectly adds to the success of companies and organisations.

May you also enjoy these stories of Industrial Ministry and be grateful with us about everyone who pursues and demonstrates a purposeful life.

Carin Brink
Regional Manager: Industrial Ministry Western and Southern Cape
cbrink@kaapkerk.co.za

Bybelverspreiding trek al meer Xhosas na Biblia-kiosk

Danksy die samewerking en ondersteuning van Houtbaai se NG Kerkfamilielede, kon die Biblia-kiosk (Visserbediening) aan die einde van 2012 afsluit met vier bokse Xhosa-Bybels! Ben Marais se Sportbediening het ook twee bokse NIV Engelse Bybels geskenk en daar was ook 'n skenking van tweedehandse Engelse Bybels uit die Houtbaai-gemeente.

'n Groot leemte is dat Ovambo Bybels egter nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie. Hier kom weekliks Kwanyama-hawewerkers (wat Ovambo praat) navraag doen na Bybels wat dan baie teleurgesteld moet omdraai.

Sedert begin-vanjaar het die aanvraag na Xhosa-Bybels so gestyg dat twee bokse Bybels reeds uitgedeel is. Die behoefte aan Bybels in die Imizamu Yethu-plakkerskamp is geweldig groot veral van Xhosavroue wat aan die Sionste-kerk behoort.

Verlede jaar is Gerhard Pietersen, betrokke by Arbeidsbediening, deur 'n jong Xhosa-man wat as sekuriteitswag in die hawe werk, genader op soek na 'n Bybel. Alhoewel dit sy eerste Bybel was wat hy ooit ontvang het, was sy kennis van die Woord verstommend.

Xhosas en ander mense uit Afrika hier in Houtbaai het 'n baie groot behoefte aan die Bybel; dit sou wonderlik wees as hier 'n Bybelskool gevestig kon word.

Gerhard is ook bevoorreg om weekliks van die hawe se personeelbestuurder, Alfred, besoek te ontvang. Hy is 'n leier in een van die magdom Sioniste-kerke en kom gereeld oor die Bybel gesels. Hy het onlangs ook twee ander leiers saamgebring vir 'n koffie-kuier.

Die Here is beslis besig om iets groots hier in Houtbaai te laat gebeur!

Kontak gerus vir ds Gerhard Pietersen by gmpietersen@gmail.com / 084 317 8993.

Donations bring hope to Kalk Bay

Marvin Petersen of Biblia Kalk Bay Harbour works as spiritual worker among the fishermen. According to him 2013 is a challenging and exciting year so far:

"God really blessed us this year, not just with donations but also by meeting other people with a passion for ministry and spreading the gospel.

"On one occasion we had no Bibles left to do our Bible studies. We prayed about the matter, and two weeks later we received a donation of Bibles! We are still having our Bible studies and devotions every week, and these have been a great success. There are always new people joining this fellowship group.

"Because Kalk Bay is often visited by tourists, they become aware of our ministry. As a result we received an enormous donation of clothing from Germany in May last year. We distributed clothing to the fishermen, fish cleaners, some Kalk Bay residents, people living in the night shelter in Kalk Bay and those living on the streets.

"Two parcels each weighing 30 kg blessed Anneline and Graham, who had a newborn baby in July, and we could clothe baby Cloe. Brother John and Brother Godfrey (harbour workers) also received new shirts, which they could wear the next Sunday morning in church. Gina (a fish cleaner) and Abraham (a fisherman) were also excited as they got clothing for their family and toys for their little son.

"Another wonderful donation was given by Ashley and his wife from the Baptist Seminary, where soup was served at our Wednesday devotions and encouraging words inspired the people.

"We also want to thank Robert (one of our donors) for his generous donation of more than 60 English Bibles for Bible studies and for the distribution of God's Word."

Contact Marvin Petersen of Biblia Kalk Bay Harbour at 072 7242900 / marvin.spetersen@gmail.com.

Bybelstudie les dors op Swellendam

Op Dinsdagaande verruil sowat vier-en-twintig Swellendammers hul kosbare 7de Laan vir stilword om die Bybel. Hulle is nie meer vandag se kinders nie – die bene raak stadiger as die breinvermoë en die gemoed moet beskerm word teen die bombardering van slegte nuus en negatiewe gedagtes wat met onnodige kommer hul goue jare kan vertroebel.

Soos 'n groot familie sit hulle om saamgepakte tafels, soos Jesus en sy dissippels by die Avondmaal. In hierdie tyd word skatte met insig ontdek en vrae wat pla bespreek.

Hulle mag dalk soms as "oumense" beskou word wat niks te doen het nie, maar by hierdie byeenkomste kom drink hulle saam van die lewende, verfrissende water wat Hy uit sy Woord laat vloei.

Of hul nou sestig of neëntig is, hierdie afspraak mis niemand nie!

Kontak Andries Truter by 028 514 1818 of apiegee@telkomsa.net.

Following God's principles in the modern workplace

Industrial Ministry is an ecumenical ministry with a team of spiritual workers and management from different institutions and religious traditions who

- serve across the sector
- speaking with and
- serving people from all congregations.

Ministry is provided to people in their places of work (Industry) as well as through various training programmes that are aimed at empowering people in their own lives and also in their professional development. Industrial Ministry is therefore a service arm of the Christian Body of Churches that provides services in the places where people work.

Industrial Ministry believes that a significant contribution can be made in today's challenging workplace through their training programmes. The need for equity, reconciliation and justice in the economic sphere can be addressed by focusing on training programmes. And through the existing structures of the body of Christ (the Church), they can educate and empower all Christian believers of all ages, genders, ethnic groups, social levels and denominations to become effective witnesses and disciples of Jesus Christ in their places of work and daily relational activities.

The importance of continuous development and well-being of employees in the work place is increasingly recognised. A content and satisfied worker who is on a personal growth path works harder and more effectively in a (content and satisfied and growing) team. Everyone benefits – also economically. In order to help realise this objective it is our aim to equip employers and employees with the timeless Christian ethics and values that are equally applicable in the work place and personal relationships. As a role player, which has been "in business" for more than a century, we are committed to remain active in the whole growth process.

It is furthermore our goal to assist in addressing the emotional, spiritual and physical challenges of people who are threatened by or have experienced the trauma of involuntary loss of employment and/or income. Current economic conditions dictate that this is a global challenge with significant social and economic impact. We provide guidance on the road to recovery with specific focus on re-integration in the employment market and social structures.

We need to convince the world of work that the principles and values that the Word of God teaches with respect to work and work ethics are indeed "good for business". We also aim to teach Christian believers specifically that they are all called to be practical witnesses and disciples in their places of work, in the way that they do their work and wherever else they may go and/or relate.

Contact Carin Brink at cbrink@kaapkerk.co.za for information on training programmes or visit the website at www.arbeidsbediening.co.za.

De Eiken boer vir die Here

De Kock-Boerdery word bedryf op die plaas De Eiken in die Ceres-distrik, geleë aan die voet van Matroosberg, waar dit in die winter bitter koud kan word. Maar die hart van die eienaar klop warm vir die saak van die Here en vir hulle wat hul daaglikse brood daar verdien.

Elke tweede Vrydagoggend klok Willie Smit of Inemari Marais van Arbeidsbediening net so voor sesuur by die vrywillige godsdiensoefening van De Eiken se gemeenskapsaal in. Wilhelm de Kock, die eienaar, is altyd teenwoordig. Maandag-, Woensdag- en die ander twee Vrydagoggende is die formaat van die byeenkoms ook dieselfde: 'n kort boodskap word deur een van die werkers gebring, daar word met oorgawe in stemme gesing en daarna volg daar geleentheid vir gebed. Almal bid hardop en 'n koor van opregte gebede styg opwaarts.

Daarna volg twintig minute se "kerk" – 'n boodskap van Arbeidsbediening of van iemand van die boerdery. Weer word daar gesing. Die begeleier (Wilhelm noem hom sy "orrelis") speel toe-oë, sonder dat hy 'n noot kan lees, dat die key board bewe. Voorheen was hy 'n alkoholis en nou word hy deur die Here vir sang gebruik!

Sang maak 'n baie groot deel van die aanbidding uit. Onlangs het al vier De Eiken-kore ('n trotse kinderkoor in hulle groen geborgde hemde, 'n vroue-koor, 'n mannekoor en 'n gemengde koor) vir vier Nederlandse besoekers gesing. Na hulle besoek hier het hul uit Nederland laat weet dat die godsdiens en sang een van die hoogtepunte van hulle Suid-Afrikaanse kuier was!

Na die dienste in die oggend is daar koffie en toebroodjies buite op die stoep beskikbaar. Gevoed na liggaam en gees begin die boerdery se werksaamhede dan met volle ywer!

Kontak Inemari Marais by inemari.marais@gmail.com / 082 923 3989 / 023 312 1900.

The Gospel in the agricultural context

What you and I think today about agriculture or about the possibilities for life offered by farms will depend on how close we are to it and our individual experiences. After all, life and work on farms vary greatly in the different regions of our country.

Many people, in some cases even hundreds, may live and work on one Boland farm. In the vast Northern Cape or Karoo there is often only an employer and one or two worker families. Some farms operate like factories with skilled labour, highly sophisticated farming methods and expensive implements, because the crops grown here have to be marketed across the world.

On other farms, there are different contexts, rhythms, goals. The kind of farm life on a highly developed wine or fruit farm, established by generations of people, differs radically from that of emerging farmers, trying to find their own feet in order to let the industry work, to keep people employed and to make a living from it for himself or herself in an uncertain and expensive time.

There are other important factors to also consider, such as seasonal work for example, but it is clear that the nature and contexts of different types of farming are simply difficult to compare.

However, there are two general truths that all who believe and preach the gospel seriously should consider in the agricultural context:

(Continued on page 12)

Call42 – Revealing vocational truth

Most believers sometimes wonder if their day job matters to God, if they are in the right career and whether their everyday work is useful in extending God's Kingdom.

These questions led to **Call42** – a marketplace initiative that grew from the calling that a Christian businessman in the Western Cape received a few years ago.

The aim of the Call42 initiative is to help individuals realise what God wants to do in and through their lives and to help them realise that God has a specific purpose for their lives in the work environment.

As a first phase of the initiative, a national survey was launched in 2011. The survey was distributed to identify topics such as the challenges Christians face in living their calling in the work environment, their understanding of the concept of calling, the extent to which they are exposed to workplace-oriented ministry, and whether or not working Christians have a need for such ministries.

The different groups of people who took part in the survey were Christians working in secular businesses and organisations, students, church leaders and ministers, owners and managers of businesses with a strong Kingdom focus, and marketplace ministers. Approximately 1 300 individuals completed the survey.

Some key findings from the Call42 survey include the following:

- Working Christians know that God has a purpose or calling for their lives, but applying the theory behind a purposeful life at work seems to be a major issue;
- Also, in the context of work, people do not understand calling even though the concept of calling and how it aligns with work is taught in most churches;
- There is a need among Christians to be able to live out their God-given calling practically at work;
- At work, there is a need for Christian mentors and role models who lead the way, and people want to hear personal testimonies on this topic of God at work;
- Church leaders do not feel equipped to serve people at work and they have limited exposure to the reality of work environments;
- Church leaders do however recognise a need to focus more on serving people at work.

(Continued on page 12)

Monwabisi se huis-kerk

"Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die gees gebore is," lees Jan van den Berg van Arbeidsbediening in die Helderberg-kom, nou onlangs in Johannes 3 vers 8 en hy dink aan Monwabisi se storie in Zola Park, 'n woongebied tussen die Strand en Gordonsbaai.

Jan vertel: "Hy het by my kom Bybels koop en opgewonde vertel van die kerk by sy huis. My nuuskierigheid het my genoop om self te gaan kyk. Daar gekom, sien ek 'n vertrek met 'n tafel, 'n boekstaander en sowat veertig stoele.

"'Ja, ons maak musiek, bid saam en loof die Here elke Sondag en die getalle is steeds besig om te groei. Mense kom vertel vir my dat hulle die Here aangeneem het, van siekes wat gesond geword het en ander wat werk gekry het. Die Here is baie goed vir ons,' het Monwabisi met 'n glimlag aan my vertel.

"Alhoewel Monwabisi se kerk nie as 'n formele besoekpunt aangeteken is nie, is daar geen twyfel oor die werking van die Heilige Gees in daardie gemeenskap nie. Dit is deels as gevolg van boodskappe wat by besoekpunte in die Helderberg-area gebring is, want Monwabisi het juis na 'n boodskap by Lang's se meubelvervoerplek geluister en besluit om vir sy eie mense ook van Jesus se verlossende genade te vertel.

"Sedertdien is hy ook as vrywilliger by Arbeidsbediening betrokke en bring twee keer per week die Boodskap aan mense in die werkplek."

Kontak Jan van den Berg by 0218531631/ 0761347780.



The church's marketplace in the harbour gates

Harbour Mission is the church's marketplace at the harbour gates of Southern Africa. In this marketplace, the nations of the world meet and missions from other countries are used to minister here. Seen in this context, Harbour Mission offers the most affordable form of international mission, because the mission field comes to the missionary and missionary churches.

The ministry of the gospel to seafarers is aimed at preaching the basic principles of the gospel to all nations and tongues, to the end of the earth (Matthew 28:19 and Acts 1:8). There are mission fields at Cape Town congregation's gates every day – Table Bay, Hout Bay and Kalk Bay, and also on the West Coast at Saldanha and in the Southern Cape at Mossel Bay. Harbours leave a void and hunger if they do not use this precious opportunity to preach the gospel!

Biblia is the nickname for the dedicated service and broadcast of the Gospel to seafarers who call at the Southern African coastline. Table Bay especially is one of the main gateways of the gospel to the wide world – from there the ocean winds and currents take the seed of the Word to other continents and islands of the earth.

The Biblia kiosk in Table Bay is *a broadcasting studio* where the gospel of Jesus Christ is ministered and made available in more than fifty languages to passing seafarers. It is indeed a high frequency transmitter of the gospel with the Good News: "God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whosoever believes in Him, not perish but have eternal life "(John 3:16).

Gospel ministry to seafarers, as well as to fishermen, is done in the spirit of Peter's response to Jesus: "… because you say so, I will let down the nets" (Luke 5:5). The fruit of the labour is not always or immediately noticeable. Yet from time to time you hear of rough sailors and fishermen who have been converted or others who renewed their earlier promises to the Lord.

Contact Dr Pieter Bingle at pwbingle@telkomsa.net.

Cares gee om

Gerhard Pietersen, betrokke by Visserbediening in Houtbaai vertel:

"*Cares*, Hangberg se eie gemeenskaps-rehabilitasie-sentrum, het my teen November verlede jaar genader om weer die ondersteuningsgroep vir mans vanjaar op Donderdagoggende in Bybelstudie te lei.

"Die groep is 'n ongelooflike seën en een van die verrassings is dat daar hierdie keer ook twee tot drie Moslems die sessies bywoon. Dit het my genoop om ook die Koran te begin lees. Ek koop elke week 'n halaal-polonie en 'n vars brood by die plaaslike algemene handelaar in Hangberg. Dan gesels ons lekker rondom temas.

"Ek het so pas die boek van Richard Rohr, *From wild men to Wise men*, klaar deurgewerk en gebruik dit as verwysingsraamwerk in die sessies.

"In 'n onlangse gesprek het ons gesels oor ons vrese en angste. Dit is ongelooflik hartseer om te hoor hoe hierdie manne van kleintyd af aan harde fisieke en verbale geweld blootgestel is, en dat hul toevlug na TIK uiteindelik die enigste hoop vir hulle was.

"Ons gesels weekliks oor vaardighede wat aangeleer moet word om hul woede, aggressie en vernederings te help verwerk. Ons soek dan na voorbeelde daarvan uit die Woord.

"Ons is tans aan die beplan vir 'n ontbyt-oggend waar ons vir die dames van *Cares* 'n spesiale onbyt gaan voorberei en sommer leer wat goeie tafelmaniere is!

"Dis vir hierdie manne 'n groot uitdaging om weer die vertroue van hul huisgesinne terug te wen nadat soveel skade aangerig is. Bid asseblief vir hulle en ook vir hulle geliefdes."

Kontak gerus vir ds. Gerhard Pietersen by gmpietersen@gmail.com / 084 317 8993.

IMPAK

"Industrial Ministry" Pro-Active in Cape Town

L10T equips believers to live a Christian lifestyle

Luke 10 Transformation is a training programme specifically designed for implementation in churches, life and ministry groups, as the purpose of the programme is to create disciples and witnesses for the world of work from within the church.

The Luke 10 Transformation programme consists of a DVD set and an instruction manual. The course takes approximately 16 hours to complete, but this is of course dependent on how much discussion time is given for the various topics.

The programme has been used successfully by The International Transformation Network Africa, The Global Day of Prayer, the South African Christian Leadership Assembly, the Ekurhuleni Christian Leadership Assembly and The Jericho Walls Prayer Network.

The objective of the training programme is to teach Christians how to live out their faith. Our Lord tells us that we have to go forth and make disciples and witnesses of all people, and yet while we all know this, for many it is very hard to do practically.

The Luke 10 Transformation programme consists of 8 modules, which are:

- **The Big Instruction**: Jesus gave us various instructions on what we as Christians should do to bring others to Him. In this section of the programme some of the instructions given to us by Jesus in his Word are discussed and delegates will learn how to live out these instructions and serve Jesus outside of their homes and their congregations, namely within their workplace.
- **Why L10T?**: We look at Jesus' instructions to us, namely to follow in his footsteps and aspire to live as He did.
- **Step 1** – **To Bless**: The first step is to ask for the Lord's blessing, love and peace wherever you are.
- **Step 2** – **Building Relationships and Fellowship**: Jesus expects us to build friendships with those around us. We must do this wherever we go – we must mix not only with Christian people in fellowship, but also with others in our places of work, school, extended social circles and so on, setting an example of how you live, and finally telling people about Jesus without speaking of Him… doing this by living your faith.
- **Step 3** – **Meeting the Needs of Others**: This will include physically meeting the needs of others (like financial support), emotionally meeting the needs of others (by listening and being supportive) and praying for those in need and in trouble. This section also looks at prayer, types of prayer and how to pray with others.
- **Step 4** – **Evangelism**: Tell others about Jesus. This section will teach us how to tell others about Jesus and how to share your testimony.
- **The L10T Effect**: We consider the importance of coming back and giving feedback, sharing your experiences and keeping yourself motivated and inspired to continue on your journey of discipleship.
- **Come on – Start Now**: We make L10T a lifestyle, getting into the habit and maintaining it as part of your lifestyle... Living out your Faith!

The Luke 10 Transformation programme is based on Jesus' instruction to all believers to spread the good news of the Kingdom of God to those who are lost so that they too can find everlasting life through Christ Jesus.

Luke 10 Transformation is not a course, it is a programme that will equip Christian believers to live out their faith – it is a lifestyle.

Contact Carin Brink at cbrink@kaapkerk.co.za.

Ons kan maar met die Here praat

Lourens Swart het vir sewe jaar Arbeidsbediening by *Hensies Paneelkloppers* in die Strand gedoen toe daar eendag 'n baie ontstellende ding gebeur het. Lourens vertel:

"Die eienaar het eendag na my gekom en vertel dat hy sy plek gaan sluit, want sy inkomste was nét genoeg om sy werknemers te betaal.

"Niemand het belanggestel om die plek oor te koop nie. Omdat die werknemers al soos my kinders gevoel het, was ek baie ontsteld en sê toe vir hulle om te bid, en dat ek ook vir hulle sal bid.

"'n Paar weke daarna, terwyl ek oorkant die pad by Willie Swart Arbeidsbediening doen, sien ek 'n gewerskaf by *Hensies Paneelkloppers*. Willie vertel my toe dat Wallie, 'n Moslem, wat voorheen die voorman daar was, die plek oorgeneem het.

"Ek stap toe dadelik oor en sien die plek se naam is nou *Waleed's Paneelkloppers*. Ek vra toe vir Wallie of ek nog my Christelike boodskap daar kan bring – die kern daarvan is gewoonlik Johannes 3 vers 16 wat sê: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.*

"Wallie het vir my so gestaan en kyk, en toe sê hy: 'Oom, ek het al vir Oom geluister – Oom vertel altyd vir ons van die Here se liefde. Oom kan maar gerus nog die boodskap kom bring, want al die werkers hier is Christene.'

"Ek dank die Here omdat ons gebede verhoor is."

Kontak Lourens Swart by 021 852 9460 of 082 639 9877.

Ek is nie te koop nie!

In 2010, voor die 2010 Sokker Wêreldbeker in Suid-Afrika sou plaasvind, is die *Waardevol vir Jesus*-projek deur *Straatwerk* geïnisieer. Die doel daarvan was om hoër- en laerskoolkinders teen seksuele misbruik, pornografie en prostitusie te waarsku.

Aanvanklik het Suzie Sadie van 'n plaaslike gemeente in Vredenburg die leiding geneem om die projek te loods. Christo en Landa Bester van Arbeidsbediening is toe gevra om koördineerders vir die Weskusstreek te word. Almal was van mening dat 'n ekumeniese span die projek moet dryf, en omdat Christo goeie kontak met die verskillende gemeentes deur Arbeidsbediening gehad het, kon dit realiseer. So het ons in 2010 die eerste skool besoek.

(Vervolg op bl 10)

Ruk jou onderneming reg tot op 'n volgende vlak

Dis is belangrik dat die personeel van 'n onderneming moet besef dat hulle nie gedien moet word nie, maar dat hulle daar is om diensbaar te wees.

Nie net is dit 'n opdrag van die Here nie, maar jy word ook daarvoor betaal. Werk het nie ontstaan as gevolg van die sondeval nie; dit was vanaf die begin 'n opdrag van God – die mens is bevéél om die tuin te bewerk en te versorg.

Mnr Pietie le Roux, Arbeidsbediening-organiseerder van die Tuinroete, stel dit baie duidelik: "Met Arbeidsbediening se Diensbaarheidsprojek word daar nie kliëntediens of dienslewering bedoel nie. (Dit is op sigself twee gespesialiseerde vakgebiede.) Met hierdie projek wil Arbeidsbediening mense in die werkplek daarvan oortuig dat ons in navolging van Christus diensbaar moet wees. Dit beteken dat ons teenoor medewerkers en kliënte eerder 'n voetewas-gesindheid as 'n kopwas-gesindheid moet hê!"

Pietie reken dat so 'n gesindheid van diensbaarheid vanselfsprekend 'n positiewe invloed ten opsigte van kliëntediens of dienslewering sal hê en die hele onderneming op die lange duur daarby sal baatvind.

Arbeidsbediening is bereid om belangstellende ondernemings op 'n maandelikse basis teen slegs R100 per keer in hierdie verband te besoek. Reël 'n geskikte tyd en Arbeidsbediening kom bied relevante praatjies aan u personeel oor onderwerpe soos: Selfbeheersing, Verdraagsaamheid, Eerlikheid, Betroubaarheid, ens.

Skakel gerus vir Pietie le Roux by 072 243 3001 / 044 873 3834 vir verdere inligting.

Employee Assistance Programme in Wellington

Everyone has problems from time to time. Usually we sort them out, but sometimes problems persist, becoming serious enough to affect us both on the job and away from it.

The employee assistance programme, or EAP, is a counseling service for employees and their eligible dependents that may be experiencing personal or work-related problems. At such times, an EAP counselor may be able to help. EAPs are intended to help employees deal with personal problems that might adversely impact their work performance, health and general well-being.

One of these programmes is the Nibbly Bits Lifestyle Development Project of the *Helping Hands Skills Acadamy*. They offer several accredited unit standards, of which the themes of the drug abuse and fetal alcohol syndrome were so popular, that they had to extend the presentations of these topics.

Cases that have been dealt with successfully are the following:

- psychological help for a mother;
- reconciliation between stepmom and stepdaughter, as well as reconciliation between husband and wife;
- correctional support;
- legal aid;
- psychological help for children through the school;
- conflict resolution; and
- overcoming the loss of a loved one.

Many cases are still pending and in the process of being resolved. Employees have been referred to:

- the clinic;
- the Magistrates Office; and
- legal aid.

The reasons for the referrals are respectively: support with a newborn baby, psychiatric help, SANCA, application for an interdict, and an application for child support fees.

If you're doing well and day-to-day problems are not a distraction, you are more likely to be alert, motivated and concentrating on your job. This means you have a more productive organisation.

Contact Johan Crous at crousjm@telkomsa.net.



Ek is nie te koop nie! *(Vervolg van bl 9)*

Na die Wêreldbeker het ons egter besef dat die gemeenskappe en kinders nog steeds 'n behoefte aan hierdie projek gehad het. Ons het daarmee voortgegaan en daarna nog twee skole in 2011 besoek.

Die span het begin groter word en die gemeenskap het meer bewus geraak van die waarde van die projek. Kerke en groepe is besoek en aan die projek voorgestel waartydens ons gevra het dat almal asseblief vir hierdie saak voorbidding moet doen en dat ons gebreide poppies benodig om aan die kinders uit te deel. Die poppies simboliseer dat elke kind spesiaal, uniek en kosbaar is.

In 2012 het die span nog ses skole met die boodskap bedien waardeur 2 443 kinders bereik is.

Op Maandag, 25 Maart het ons weer 'n skool aan die Weskus besoek met die *Waardevol vir Jesus*-projek. Die Laerskool Masiphathisane (1 047 leerlinge) is besoek met 'n span van sewe, wat vyf gemeentes verteenwoordig het. Dis 'n Xhosa / Afrikaans-medium skool met een Afrikaans-klas en twee tot drie Xhosa-klasse in elke graad.

Die aanbieding is gedoen deur Landa Bester en Suzie Sadie (NGK Akkerdyk-gemeente) en Sonja van den Berg en past. Mauritz van den Heever (*West Coast Vineyard Church*) vir die gr O tot gr 3-klasse. Ds. Kobus van Schalkwyk (VGK Xhosa-gemeente) het as tolk opgetree. Daarna is die poppies aan elke leerling uitgedeel met 'n kort boodskap, 'n noodnommer en gebed op 'n boekmerk.

Die volgende aanbieding is gedoen vir die gr 4- tot 7-klasse. Hier het past. Jaco Meissenheimer (*Baptist Church*) met die seuns gesels. Die pastoorsvrou van Karmel-gemeente, Sarien Steyn het gehelp poppies uitdeel en vir ons foto's geneem.

Die kindergesiggies het geblink as hulle hoor dat hulle só kosbaar vir God is, dat selfs al die geld in die wêreld nie genoeg is om hulle te "koop" nie – al lê die hoop geld so groot soos Tafelberg! Die boodskap was dat God vir hulle 'n droom het en dat hulle saam mag droom. God kán en wíl hul heel maak as daar dinge met hulle gebeur het, en dat hulle mag 'nee' sê. Hulle moet roep om hulp totdat iemand kom help. Die kinders word geleer dat hulle Jesus kan aanneem en Hom vra om hulle te beskerm. Hulle moet die keuse maak…

Ons dank God vir die voorreg om in kinders se lewens 'n verskil te help maak; vir die Here se tasbare teenwoordigheid tydens die besoeke; vir mense wat bid, brei en finansieel ondersteun.

Mag Hy verheerlik word aan die Weskus.

Kontak Landa Bester by 083 502 1645.

Sportbediening en Mentorskap

Van die 3de tot die 9de November verlede jaar het Biblia (Bediening aan Vissers) in Houtbaai met die hulp van GKS (Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking) en *Impact through Sport,* 'n weeklange afrigtingskliniek in Hangberg vir sokker-afrigters aangebied. Gerhard Pietersen, betrokke by die Bediening aan Vissers en plaaslike predikant vertel:

"Die eerste oggend het my moed behoorlik in my skoene gesak toe net twee mense opdaag. Teen twaalfuur die middag was daar nog net twaalf mense. Daarna het ons groep egter elke middag gegroei en aan die einde van die week het vier mense van Imizamu Yethu ook aangesluit.

"Die hele idee is om sport as 'n evangelisasie-instrument te gebruik om toegang tot die gemeenskap te vind. Afrigters van sokkerklubs word geïdentifiseer en dan toegerus met Christelike lewensvaardighede wat toegepas kan word tydens hul weeklikse afrigting.

"Twee dae is ook afgestaan aan *Violence protection through sport* wat 'n groot openbaring vir my was; na die week se kliniek was ons almal dit eens dat geweld en aggressie een van die hoofoorsake van ons probleme in Hangberg is. Wat 'n leerervaring!

"Daarna was daar 'n behoefte om die afrigters weer op 'n kamp vir verdere opleiding te neem. Bekostigbare huisvesting is vir die fasiliteerders moontlik gemaak deur lidmate van die NG Kerk Houtbaai-gemeente.

"*The Mentoring Project* is weer 'n mentorskapopleidingsprogram wat in 2009 in die VSA begin is. Sportafrigters word dan as mentors met 'n Christusgesindheid begelei. So het die Here Graham en Cecil op my pad gestuur – twee Hangberg-afrigters wat by die *Hout Bay Foot Ball Club* en skool afrig. Tans sien ek die hoofafrigters elke tweede Dinsdag vir 'n koffiekuier en gesels dan saam oor mentorskap.

Daar word veral op die volgende drie beginsels van menstorskap gefokus:

- Liefde (om op te daag en te luister)
- Modellering van integriteit en barmhartigheid
- "Coaching"- die vaardighede om met genade en in waarheid potensiaal te ontwikkel.

"Ek is baie beïndruk met die kursus; dit kan ook vir bestuurders van groot waarde in die werksplek wees."

Kontak gerus vir ds. Gerhard Pietersen by gmpietersen@gmail.com / 084 317 8993.

Knip hier...

Ja, ek wil baie graag 'n medewerker van Arbeidsbediening word.

Hier is my offer van R200 R100 R50 of R .....

Bankbesonderhede:

Naam:	Arbeidsbediening
Bank:	ABSA
Takkode:	630110
Rek. nr.	34 014 2373
U verwysing:	*Arbeidsbediening*
Ons verwysing:	*U naam en van*

Merk wat van toepassing is:

☐ Ek wil graag 'n bydrae maak van R ..... (Gaan na www.arbeidsbediening.co.za. Klik op ***Raak Betrokke*** en kies ***Donasies***)

☐ Ek het 'n tjek gestuur na **Privaatsak X8, Bellville, 7535**

☐ Ek het 'n direkte deposito in Arbeidsbediening se rekening gemaak. U Verwysing: ***Arbeidsbediening***.

☐ Faks die inbetalingsbewys na **021 957 7181.**

FAKS (021 957 7181) of e-pos asb u onderstaande besonderhede na cbrink@kaapkerk.co.za.

My naam en adres: _____

_____

_____

_____

Tel: _____ E-posadres: _____

The Gospel in the agricultural context *(Continued from page 5)*

Firstly, there are people who live and work on the different farms. And regardless of where the agricultural unit may be, what is produced, how many people are involved and what the farm's financial capacity is, this is sure: *employers and employees, regardless of their status or ability, are all each other's neighbours and all are created in the image of God*. And it is absolutely essential that we recognise and treat each other from this point of view. The way employers and employees in agriculture see each other, experience one another and work together to make a success of farming are of crucial importance. It is, for example, not the sole responsibility of the farm owners or workers to make a success of the farming and to let justice prevail. Teamwork between workers and employers in all aspects, on all issues, is of utmost importance.

Secondly, the most important aspect of all is that everyone with an interest in agriculture must admit *we actually work for the Lord and must realise that He sees us all*. We farm for him, on his land, in his world. Nothing here really belongs to any one or two of us. Whoever may think otherwise and therefore lords over others, misunderstands the most essential matter. Employers and workers, with all their opportunities, gifts and challenges, are ultimately stewards of the living Lord. We are jointly responsible to live God's will with and for one another, also when we may have to admonish each other on the way.

Paul teaches this truth in Ephesians 6 and Colossians 3. This Gospel encourages everyone to be honest and to be fair, to respect each other, to work hard and with dedication. Not for personal gain or to please people, but for God. He is the actual owner, the ruler, the one with the final say, who doesn't favour one above another. With these perspectives in mind we should all continuously evaluate our thoughts and actions.

Contact Johan Botha at jbotha@kaapkerk.co.za

Call42 – Revealing vocational truth
(Continued from page 6)

As a result of the Call42 initiative, a strategic consultation session for a national workplace ministry was held in Stellenbosch on 21 February with a group of influential Christian business people, churches and ministries, representing various organisations and ministries from around the country. Essentially, the consultation was organised to collectively determine what the next steps should be for workplace ministry in South Africa, in the light of the Call42 survey results.

The day was concluded with a strategic feedback session to discuss what those present felt to be the actions needed to see their desired future for workplace ministry in South Africa realised. Proposed action steps included the establishment of an overarching national network body for marketplace ministries in the country. This would provide access to a unified database and communication network for identifying possible points of collaboration.

To view the Call42 survey results or for more information, go to www.call42.co.za. Also visit our Facebook page at www.facebook.com/Call42.

'n Hartlike dank aan alle medewerkers van hierdie uitgawe. Ons bedank ook al ons donateurs wat ons werk so getrou ondersteun. Lees meer van Arbeidsbediening by www.arbeidsbediening.co.za en kontak ons gerus by cbrink@kaapkerk.co.za / Arbeidsbediening, Privaatsak X8, BELLVILLE, 7535. Tel: 021 952 1531.

A warm thanks to all the contributors of this issue. We also thank all our donors who support our work so faithfully. Read more about Industrial Ministry at www.arbeidsbediening.co.za and contact us at cbrink@kaapkerk.co.za / Arbeidsbediening, Private Bag X8, Bellville, 7535. Tel: 021 952 1531.

Dr Bingle (right) receives a charter from Carin Brink (left).

Dr Pieter Bingle says goodbye

Biblia in Cape Town had to say goodbye to Dr Pieter Bingle, who for 40 years was part of Biblia as founding chairman. We are very grateful for his selfless service to Biblia. We will always remember his devotion and support to this ministry.

Rev. Rodney van Wyk was elected as new Chairman and Dr Bingle will continue serving Biblia as Vice Chairman.

DESIGN A PRINT 021 975 9648